



Die Hoër Tegnologiese Skool John Vorster

2 Junie 2021

Geagte Ouers/Voogde

OMSENBRIEF: DWELMTOETSE BY SKOLE

1. Ingevolge Artikel 8A (1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), soos gewysig ("SASW"), mag geen persoon (insluitende leerders) 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel op die skoolgronde bring of sodanige voorwerp of middel in sy/haar besit hê op die skoolgronde of tydens enige skoolaktiwiteit nie.
2. Dit is 'n bekende feit dat die gebruik en misbruik van verdowingsmiddels (soos dagga) 'n hallusinogeniese uitwerking op die brein het wat skolastiese prestasies negatief beïnvloed. Leerders onder die invloed van enige dwelmmiddel is nie bereid om te leer nie en dobbel met hulle eie veiligheid, hulle liggaamlike gesondheid en geestesgesondheid en trouens met hulle lewens. Dwelmmisbruik word ook nie net geassosieer met 'n gebrek aan selfdisipline, motivering en afwesighede nie, maar ook met gewelddadige, antisosiale gedrag en ander onverantwoordelike en gevaarlike optrede voor, gedurende en na skool.
3. Artikel 8A(2) van die SASW gelas die skoolhoof of haar gedelegeerdes, onderworpe aan artikel 8A(3) van die SASW, om willekeurig enige groep leerders of die eiendom van enige leerder of groep leerders vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel te deursoek, indien 'n billike en redelike vermoede bestaan. Enige leerder (ongeach die ouderdom van die leerder) mag ook getoets word vir die gebruik van enige dwelmmiddel, insluitende dagga (ook bekend as marijuana of "cannabis" en verskeie ander straatname). Dwelmtoetsing is nie 'n metode om leerders wat dwelms gebruik enigins te straf nie. Dit is 'n voorkomende maatreël en 'n stap om leerders te help om dwelmvry te wees. Indien 'n leerder positief toets, kan berading aanbeveel word. Waar leerders sukkel met 'n verslawingsprobleem, sal sodanige leerders verwys word na 'n behandeling en rehabilitasieprogram deur die skoolgebaseerde ondersteuningspan en herhaalde oortredings kan lei tot 'n dissiplinêre gesprek/verhoor, met 'n sanksie van 'n aanbeveling na die Hoof van die Gauteng Onderwysdepartement vir permanente uitsetting uit die skool, omdat sodanige leerder 'n gevaar is vir ander leerders in die skool.
4. Geen ingeskrewe leerder van die skool, ongeach sy/haar ouderdom, is vrygestel van die leerdergedragskode, enige skoolbeleide, -reëls en/of enige verwante wetgewing wat verband hou met die toetsing van 'n leerder vir enige dwelmmiddel deur die skoolowerhede, nie. Weiering om getoets te word sal beskou word dat die leerder die toets gefaal het wat in alle waarskynlikheid beteken dat die leerder uitgesluit sal word van deelname van enige buiteturrikulêre aktiwiteite en/of die weiering kan daartoe lei dat die leerder dissiplinêr aangekla kan word vir 'n dissiplinêre oortreding en/of van dwelmgebruik en om voor 'n dissiplinêre komitee van die skool te verskyn, gebaseer op 'n oorwig van waarskynlikhede.

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online

5. Artikel 1 van die SASW definieer onder andere die volgende terme:
 - a. **Gevaarlike voorwerpe**, as verwysend na 'n plofbare materiaal of toestel; enige vuurwapen of gaswapen; enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik mag word om 'n persoon leed aan te doen of skade aan eiendom aan te rig, of om 'n persoon tydelik verlam of onbewus te maak of enige voorwerp wat deur die Minister in die Staatskoerant as gevaarlik verklaar is;
 - b. **Onwettige dwelms**, as enige onwettige middel wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het of enige middel met sodanige effek wat wederregtelik in besit is; en
 - c. **Skoolaktiwiteit**, as enige amptelik opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale skoolaktiwiteit, binne of buite die skoolterrein.

6. Die SASW bevat uitgebreide prosedures soos in Artikel 8A, subartikel (1) tot (14) omskryf en reguleer die omstandighede en toestande waaronder willekeurige deursoeking en beslaglegging en dwelmtoetsing in skole uitgevoer en hanteer kan word. Dit word ook breedvoerig in Kennisgewing 1140 van 2008 oor Dwelmtoetsapparate en die Voorgeskrewe gebruik daarvan omskryf.

7. Die volgende kritieke bepalings word beklemtoon en is steeds van krag in terme van die SASW, die Nasionale Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders, die Nasionale Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls vir Openbare Skole, die Nasionale Regulasies oor Dwelmtoetsapparate en die Voorgeskrewe gebruik daarvan en die Gauteng Onderwysdepartement se Regulasies, Kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig:
 - a. Die skoolhoof en haar afgevaardigdes moet die deursoeking waarneem, maar die opvoeders moet van dieselfde geslag wees as die leerder en in privaatheid buite die sig van ander persone geskied.
 - b. Die skoolhoof of haar afgevaardigde mag ook na willekeur urinetoetse of ander ingreepvrye dwelmtoetse op 'n leerder uitvoer. Hierdie aktiwiteite mag uitgevoer word op grond van 'n billike en redelike vermoede dat gevaarlike voorwerpe en/of onwettige dwelms op die skoolterrein of tydens 'n skoolaktiwiteit gevind mag word of as gevolg van 'n leerder se optrede.
 - c. Waar sodanige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm deur die hoof of haar afgevaardigdes gekonfiskeer is, moet dit korrek gemerk en geëtiketteer word met volledige besonderhede van die leerder en enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm wat gekonfiskeer is, moet aan die polisie oorhandig word, wat op hulle beurt 'n amptelike kwitansie aan die hoof of haar afgevaardigde sal uitreik.
 - d. Die geïmpliseerde leerder(s) kan onderwerp word aan dissiplinêre stappe in die geval waar 'n gevaarlike voorwerp, dwelmparafernalie, aanstekers of vuurhoutjies tabakprodukte, alkohol, Rizal-sigaretpapiere, hoesmedisyne van enige aard of enige oor die toonbank medikasie of voorgeskrewe dwelms waarvan laasgenoemde twee middels nie by die kantoor verklaar is nie, al is dit aan die leerder voorgeskryf, enige vorm van 'n pyp of voorwerp waarmee enige middel gerook word, e-sigarette of soortgelyke voorwerpe of enige onwettige dwelm gevind is of waar so 'n leerder positief getoets het vir 'n onwettige middel (soos THC (dagga)) of enige ander dwelmmiddel.
 - e. Daar mag egter geen kriminele stappe *deur die skool teen die leerder* geneem word t.o.v. die besit van 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm of positiewe toetsing vir 'n dagga of enige ander onwettige middel nie.

8. Indien enige leerder betrap word waar hy/sy dagga of enige ander onwettige/gevaarlike middel versprei, daarmee handel dryf, dit met ander deel, dit aan ander verskaf of enige ander middel wat verban is of ander kan bedwelm in enige vorm of gemeng met enige ander middel of enige ander produk wat ontoelaatbaar en dit in sy/haar besit het wat teenstrydig is met enige beleid of reël van die skool of enige gevaarlike voorwerpe of

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

sulke voorwerpe of dwelms word gevind in sy/haar eiendom, tas, rugsakke, of enige ander sake, aan sy/haar persoon het op enige manier en/of in sy/haar sluitkassie, of in enige kledingstuk, afhangende van die omstandighede, mag die skool die SA Polisie diens betrek as deel van die versorgingsplig van die skool.

9. Deursoeking en toetsing van leerders deur die skool deur afgevaardigde opvoeders word onderneem ingevolge Artikel 8A van die SASW dien as 'n beperking van die Grondwetlike regte verleen in die Handves van Menseregte verskans in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996), soos gewysig en sal daarom toegepas word met die nodige respek vir menswaardigheid, privaatheid en die beperkte reg op eiendom van die betrokke leerders.
10. In die opvoedkundige milieu van die skool mag 'n leerder dalk betrap word met dagga in sy/haar besit en beweer dat dit "vir persoonlike gebruik is." Met die bogenoemde in ag en om onomwonde enige misverstande te voorkom, stel SASW, die regulasies vir dwelmtoetsing, die skool se Leerdergedragskode en verwante beleide dit duidelik dat die besit van dagga op die skoolgrond en/of tydens enige skoolaktiwiteit verbode is en sal dit afgeneem word en aan die SA Polisie diens oorhandig word om daarmee weg te doen en die leerder sal onderwerp word aan dissiplinêre stappe deur die skoolowerheid.
11. Voortspruitend uit sekere hofuitsprake is daar 'n wanindruk onder leerders, veral leerders 18 jaar en ouer, dat hulle nie deur die skool getoets mag word vir die gebruik van enige dwelmmiddel nie en dat hulle mag weier om getoets te word, veral vir die gebruik van dagga. Hierdie misleidende inligting word ook op verskeie webwerwe en op sosiale media gepropageer. In die hofuitspraak, is sekere voorskrifte verklaar as teenstrydig met die Grondwet van Suid-Afrika en dat die gebruik van dagga beperk word en dat slegs 'n volwassene dit in die privaatheid van 'n woning kan gebruik waar die besit beperk word vir persoonlike gebruik. Die betrokke wetgewing oor die hoeveelheid wat as wettig beskou word, word tans nog in die Parlement oorweeg.
12. Indien 'n ingeskrewe leerder van die skool dagga in enige vorm ingeneem het en/of gerook het, selfs al het hy/sy dit privaat gebruik en hy/sy betree die skoolperseel of neem deel aan enige skoolaktiwiteit of waar hy/sy as 'n leerder van die skool geïdentifiseer kan word, geklee in die skooluniform of nie, of selfs waar sodanige gebruik waargeneem kan word of dit afgelei kan word van enige sosiale mediaplatform in enige formaat of in enige formaat gestoor of waargeneem kan word op as deel van enige inhoud van enige elektroniese toestel en/of selfoon is sodanige leerder onderworpe aan alle regulasies en voorskrifte soos reeds vermeld in hierdie omsendskrywe asook die leerder gedragskode, alle skoolreëls en verwante beleide van die skool sowel as enige ander beleide en protokolle van die Departement van Basiese Onderwys en/of die Gauteng Onderwysdepartement of enige ander nasionale wetgewing of regulasies wat alles deel vorm van die leerder gedragskode en mag die skoolowerheid as deel van sy versorgingsplig, enige leerder onderwerp aan deursoeking en 'n dwelmtoets.
13. Die skoolperseel is 'n beperkte openbare ruimte en enige persoon wat die skoolperseel betree kan onderwerp word aan deursoeking en beslagleggingsprosedures voordat sodanige persoon toegelaat mag word om die skoolperseel te betree of enige skoolaktiwiteit by te woon of mee te maak.
14. Des te meer word duidelike kennisgewings by die amptelike ingange van die skool vertoon wat dit duidelik stel dat toegang voorbehou word. Dit word ook uitgespel in die Nasionale Veiligheidsregulasies vir openbare skole. Verder is daar ook kennisgewings wat dit duidelik maak dat die besit van dwelms, alkohol, takakprodukte, e-sigarette, wapens van enige aard, gevaarlike voorwerpe en dagga verbode is op die skoolterrein.

☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

15. Die skoolowerheid sal, vir enige ingeskrewe leerder van die skool wat positief toets vir die gebruik van enige dwelmmiddel of vrywillig geopenbaar het dat hy/sy dwelms gebruik, insluitende dagga, eerstens die aangeleentheid met die ouers van die leerder aanspreek en die leerder en sy/haar ouers verwys vir berading en/of 'n rehabilitasiesentrum. Deel van die rehabilitasie en korrektiewe gedragsproses sluit in dat die leerder getoets mag word vir die gebruik van dwelms en ook onderwerp kan word aan 'n dissiplinêre proses deur die skoolowerheid.
16. Die Skoolbeheerliggaam en die Skoolbestuurspan vertrou dat u as ouer die skool sal ondersteun om die skoolomgewing dwelmvry te hou en u kind en ander leerders te beskerm teen die euwels van dwelms.

Vriendelike groete

Die uwe

A Dowd
Hoof

Datum



☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online





☎ 012 332 1760 ✉ info@htsjv.co.za

📍 Meyerstraat 1072, Rietfontein 📮 Posbus 31714, Totiusdal, 0134

🖱 www.htsjohnvorster.online

